

God openbaar Hom in die skepping

God wil geken word. Wat 'n troos! Sê nou dit was anders, sê nou God sou nie geken wou word nie! Hoe die mens dan ook sou mediteer, filosofeer en analiseer, sou hy niks van God kon weet nie en sou hy sy dae in 'n sinlose leegte slyt. Om die rede is die openbaring kosbaar, 'n onmisbare kleinood. Wie insien dat God waarlik God is gryp God se selfopenbaring vas soos 'n drenkeling 'n reddingsboei vasgryp.

Psalm 19 leer dat elke dag so 'n reddingsboei is. Eintlik vorm al die dae 'n lang ketting van reddingsboeie in die tyd. Ons leef van dag tot dag. Ons vorder van reddingsboei tot reddingsboei. Geen dag is dieselfde nie, maar elke dag wil dieselfde bereik: Dit wil jou lewe verlig met kennis van die mag en heerlijkheid van God (vers 2). Maandag neem oor by Sondag en Woensdag staan flink gereed om die fakkel by Dinsdag te gryp. Die môrestond het elke dag opnuut weer (openbarings-)goud in die mond.

Wat is hierdie goud? Wat staan in die mooi boek van die natuur waarin alle skepsels letters is? Wat is die reddende boodskap van elke dag se lig wat oor die hele aarde straal? Die taal daarvan klink tot by die uithoeke van die wêreld (vers 5). Ons is egter soos bomslagoffers, doofgeslaan deur die sonde. Ons sien die mond van die lente en herfs oop- en toegaan, ons sien soos in 'n droom die blomme en gras wat van blydschap dans en ons staar in verwondering na sterre wat opgewonde wink en beduie – maar ons hoor niks en begryp niks. Wat sou al hierdie beweging, hierdie energie tog kon beteken?

Vir Dawid skemer iets deur, hy herken in die son 'n bruidegom wat in die gloed van liefde uit sy slaapkamer kom (vers 6). In hierdie liefdesgloed lewe alles. Sou alles om jou vandag dalk tog iets oor LIEFDE wou sê? (Word vervolg.)

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~